

Belegging in die buiteland het baie sin

■ Dit vaar op lang termyn beter as SA bates

Aldi Schoeman

As jy nog nie geld in die buiteland belê het nie, is nou ’n goeie tyd om op te hou uitstel. En as jy reeds geld in die buiteland het, is dit ’n goeie idee om dit te oorweeg om nog meer geld daar te belê.

“Buitelandse bates het ondanks die skerp styging van die rand die afgelope paar jaar beter gevaar as Suid-Afrikaanse bates,” sê Magnus Heystek, ’n beleggingstrateeg en direkteur van Brenthurst Wealth.

In dollarwaarde het die JSE die afgelope vyf jaar met 6% gegroei. Hierteenoor het die S&P 500 in die VSA met 87% gegroei.

Hoeveel om in die buiteland te belê, is egter ’n moeiliker vraag om te beantwoord, en die antwoord sal vir elke persoon verskil, sê Heystek.

Jou eie beleggingsdoelwitte en jou profiel – oftewel hoeveel spanning jy kan verduur as die wisselkoers verander – sal die bedrag bepaal, sê hy.

Buitelandse beleggings behoort ’n tydshorison van minstens vyf tot tien jaar te hê.

“Jy moet verstaan dit kan jou seesiek maak. Dit is ook nie ’n goue weg tot ’n wonderlike opbrengs nie. As die wisselkoers verander, kan dit teen jou werk.”

Daarom beveel hy aan dat mense wat byvoorbeeld in die buiteland belê omdat hul kinders en kleinkinders daar is, nie hul geld voortdurend in rand omskakel nie.

“Jou vliegkaartjies en verblyf gaan altyd in die buitelandse geld-eenheid wees.”

Wayne Sorour, hoof van Old Mutual Internasionaal Suid-Afrika, waarsku teen impulsiewe besluite en sê ’n mens moet by jou langtermynstrategie hou. Om jou blootstelling aan buitelandse beleggings te vergroot, is egter beslis ’n skuif om te oorweeg.

“Mense met ’n hoë netto-waarde het reeds twee jaar gelede met Nene-gate hul blootstelling aan die buiteland verhoog. Ons verwag dat meer mense nou hul blootstelling sal verhoog.

“Buitelandse beleggings is deel van ’n goed gediversifiseerde portefeulje. Al jou geld behoort nie in een ekonomie belê te word nie. So doende verminder jy risiko en word jy teen wisselvalligheid beskerm.”

Theo Vorster, uitvoerende hoof van Galileo Capital, sê as jy of jou kinders beplan om te emigreer, moet jy ’n groter persentasie van jou geld in die buiteland belê.

“As jy meen die land gaan dieselfde pad as Zimbabwe stap, behoort jy ook jou geld uit die land te vat, al stem ek nie met jou saam nie.

“As jy hier gaan bly, moet jy versigtig wees om te veel geld uit te vat, want die transaksiekoste kan hoog wees.”

Daar is twee maniere om in die buiteland te belê:

1. Regstreekse buitelandse belegging

Wie kan só belê?

’n Mens het minstens \$10 000 tot \$15 000 nodig as jy direk in die buiteland wil belê, omdat die meeste fondse dié bedrag vereis om te begin belê, sê Heystek. Jy kan

R1 miljoen per jaar belê

sonder om belastingklaring te kry, en as jy belastingklaring het, kan jy tot R10 miljoen per jaar belê.

Hoe doen ek dit?

Nadat jy belastingklaring gekry het, moet jy die buitelandse geld-eenheid koop. Jou beleggingshuis doen gewoonlik al

die papierwerk om jou rande om te skakel na dollars (of watter geld-eenheid jy ook al verkies) en stuur dit dan namens jou na die oorsese beleggingsplatform.

Wat is die belastingvereistes?

As jy in die VSA belê, betaal jy wel 15% belasting op jou opbrengs, sê Heystek. Die meeste lande vereis nie dat jy belasting betaal nie en jy kan dus vir oorsese studie of reise daarmee betaal.

As jy die geld egter wil terugbring na Suid-Afrika, moet jy kapitaalwinsbelasting betaal op die dollarwins wat jy gemaak het. As jy ’n randwins gemaak het met jou oorsese belegging, betaal jy nie kapitaalwinsbelasting nie.

2. Bateruiltransaksie

Wie kan hier belê?

Jy het tussen R15 000 tot R20 000 nodig om mee te begin en jy kan dan deur ’n beursverhandelde fonds, effektetrusts en indeksfondse in buitelandse bates belê. Jy belê in rande, nie dollars nie.

Wat is die belastingvereistes?

“Die groot verskil tussen so ’n fonds en om direk te belê, is dat die geld in Suid-Afrika uitbetaal moet word,” sê Sorour. Jy gaan die geld dus teen die huidige wisselkoers kry en moet kapitaalwinsbelasting betaal.

Jy hoef nie belastingklaring te kry nie en daar is nie perke op hoeveel jy hierdeur kan belê nie.

‘Al jou geld behoort nie in een ekonomie belê te word nie.’